SPORT

PERDRY

Al hoe meer ruiters raak jaarliks betrokke by hierdie unieke sportsoort. Ruiters het gewoonlik hul eie perde of halfstalleer perde by ryskole. Afrigting vind individueel, buite skoolverband plaas. Ons Lardie-ruiters verteenwoordig die skool onder die SANESA (South African National Equestrian Schools Association) vaandel. SANESA word erken deur die SAEF (South African Equestrian Federation). Wanneer ons ruiters aan verskeie dissiplines soos dresseer, skouspring en uithouritte deelneem, samel hul punte vir ons skool in. Laerskool Elarduspark ondersteun alle Perdesport ruiters en moedig ouers aan om hul kinders deel te maak van die skool se span. Ons ruiters kan kwalifiseer vir toekennings soos Lardie kleure en erekleure. Ons hoop om u kind binnekort in die interskole arenas te sien!

DOEL VAN PERDESPORT

Perdesport is 'n buitemuurse aktiwiteit wat nie slegs fisiese ontwikkeling soos balans, motoriese koördinasie, hand-oog koördinasie en sensoriese integrasie verbeter nie, maar ook kognitiewe vaardighede soos geheue, konsentrasie, luistervaardighede en probleemoplossing.

HOEKOM AAN PERDESPORT DEELNEEM?

Kinders leer lewensvaardighede soos selfvertroue, geduld, eerlikheid, verantwoordelikheid en leierskap aan. Boonop ontwikkel kinders 'n liefde en respek vir die natuur. Hoewel Perdry oënskynlik 'n duur sport is, is dit een van die beste beleggings wat 'n ouer in hul kinders se toekoms kan maak. Min dinge kan vergelyk word met die wonderlike verhouding tussen 'n ruiter en perd. Deur aan te sluit by Laerskool Elarduspark se Perdesport span, kan ruiters erkenning kry vir hul prestasies in 'n groot verskeidenheid Perdry dissiplines, afhangende van wat hul privaat ryskool aanbied.

www.lardies.co.za



TOOT
TOOT!!